Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 22 Augustus 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 22 AUGUSTUS

Sakelys : Kerkraadsvergadering

09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG, 23 AUGUSTUS

19:00 Gesamentlike vergadering van Bedienings– en Bedryfspan

DINSDAG, 23 AUGUSTUS

18:30 Alpha-kursus

WOENSDAG, 25 AUGUSTUS

17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 26 AUGUSTUS

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Lytcom vergadering

VRYDAG 27, SATERDAG 28 AUGUSTUS

Kunsuitstalling : Kyk bladsy 8

SONDAG, 29 AUGUSTUS

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

DINSDAG, 30 AUGUSTUS

19:00 Bedienings– en Bedryfspan-vergadering

DINSDAG, 31 AUGUSTUS

18:30 Alpha-kursus

WOENSDAG, 1 SEPTEMBER

17:00 Biduur

DONDERDAG, 2 SEPTEMBER

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 5 SEPTEMBER

09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Oom Ernie Muller, DF Malanln 133 wat die afgelope week in die hospitaal opgeneem is (Blok 3).
2. Boet en Alet Venter, Gloverln 196b, mert Boet wat brongitis het en Alet wat aansterk na haar skoueroperasie. (Blok 4).
3. Oom Willie Smith, Hans Strijdomln 235 wat siek is (Blok 1).
4. Pierre en Carine Blignaut, Krugerln 141 met klein Duncan wat siek is. Dit gaan beter (Blok 3).
5. Chris en Tienie Ackerman, Hans Strijdomln 40 met Chris wat aansterk na 'n operasie (Blok 4).
6. Sanette Hambridge, DF Malanln 127, wat nog las ervaar na die operasie (Blok 3).
7. Frieda Collins, Stangerstr 30a wat aansterk na 'n operasie (Blok 4).
8. Wynand en Wilma de Klerk, Krugerln 144 met Wilma se suster wat ernstig siek is (Blok 3).
9. Adam en Shereen Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se moeder wat nog siek is (Blok 4).
10. Willie en Tania Neü, Cilliersln 249 met Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1).
11. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog wag vir 'n nier-oorplanting. Ons dra hom en die hele familie aan die Here op (Blok 2).

Ons harte gaan uit na Marietjie en Floris Bellingan met Marietjie se vader wat Woensdagoggend oorlede is. Hy en tannie Elsa was voorheen lidmate van Lyttelton-Oos. Die begrafnis was reeds Vrydagoggend om 11:00.

Parknaval

2010

Saterdag
18 September

- **Kinderpretpark**
- **Walk your Dog**
- **Skyfskiet**
- **Vlooimarkstalletjies**
- **Ontbyt**
- **Pannekoek**
- **Kerrie en Rys**
- **Worsrolle**
- **En talle ander …**

GEMEENSKAPSETE
Vrydag 17 September

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za
en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit nie meer wenslik
om by huise te kollekteer nie.

GEMEENTEKAMP

8-10 OKTOBER 2010

KOM KUIER SAAM!

Karavaanstaanplek / Tente Kamers / Chalets

Plek is beperk—bespreek vroeg

Kontak Minari Nel (0843178820) vir meer inligting.

BEDIENING VAN VERSORGERS
VAN VOORSKOOLSE KINDERS

Hierdie bediening beoog om diegene wat by die versorging van peuters en kleuters betrokke is uit te nooi om op gereelde basis saam te kuier en te deel in die voorreg en uitdagings om na ons klein mensies om te sien. Hierdeur wil ons nie net mekaar ondersteun en bemagtig nie, maar veral fokus op die interaksie van die kinders met mekaar op informele wyse en onder ons toesig.

Daar is geen koste verbonde nie, slegs koffie of tee vir die omsieners en 'n snoeppakkie vir elke kind wat deur die versorger verskaf word.

Verdere inligting kan by my verkry word en ek sal ook die besoeke reel en koördineer.

Baie groete

Tina Haywood
Huis: 012 6642468
Sel: 0833529188
E-pos: tinahay@mweb.co.za

NG Gemeente Lyttelton-Oos
Visie: Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader



WAAR KAN EK BETROKKE RAAK?

Ons gemeente hardloop om twee bene: 'n bedieningspan en 'n bedryfspan. Die bedieningspan se taak is om die vyf kernprosesse (hierbo uiteengesit) van die gemeente te bestuur en die bedryfspan se taak is om die fassiliteite, finansies, administrasie, kommunikasie en personeel wat hiervoor nodig is beskikbaar te stel.

Ons het altyd te veel om te doen en te min menslike en finansiële hulpbronne! Daarom is daar altyd groot ruimte vir betrokkenheid.

As jy graag betrokke wil raak maar nie weet waar nie, woon gerus Maandagaand 23 Augustus (19:00) se Bedryf– en Bedieningspanvergadering en Maandagaand 30 Augustus (19:00) se Bedryf– en Bedieningspanvergadering by of skakel Wally Haywood (Bedieningspanleier) by 083 272 7071 of Arie Roos (Bedryfspanleier) by 0825786595 of Freddie Schoeman (0845818139)
Kyk ook gerus na bedieningsgeleenthede op bladsy 5 en 6 van Die Herout.

VERSORGINGSBEDIENING

Deel van die Here se droom vir ons gemeente is dat elke lidmaat hier tuis en geborge sal voel. Elkeen moet weet dat daar vir hom/haar omgegee word en dat wanneer daar nood is die gemeente gereed staan om te help. Vir hierdie droom om waar te word, het ons mense met "omgee-harte" nodig. Kyk na die bedienings hieronder en kom help daar waar die Here jou hart se punt heen trek!

BERADINGSGROEP

Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

SIEKE / HOSPITAALBESOEK

Lidmate in die hospitaal word deur die leraar besoek maar dis by verre nie genoeg nie. Mense wat siek is en / of pyn verduur het mense se ondersteuning en onderskraging nodig. Kom help ons om dit te gee! **Kontak Freddie Schoeman (0845818139) Minari Nel (0843178820) Odie Odendaal (0126646526) of Heinz Meissner (0828068530)**

HELPMEKAAR

Kom ons help mekaar om ons talente en gawes te gebruik tot eer van die Heer!!

Om na ander uit te reik beteken ook om te help waar ons kan, veral in nood en ook wanneer ek tyd of oorvloed het. Vul gerus die vorm wat in die rakkies by die deure beskikbaar is in indien jy graag jou talente en vermoëns beskikbaar kan stel

Kontak Frik Strydom 082 4453784

VOEDSELBEDIEING

Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.

Kontak Arie Roos 0825786595

TELEFOONBERADING

Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

VERVOERBEDIENING

Soms gebeur dit dat een van ons vervoer benodig om inkopies te doen, 'n besoek af te lê of 'n erediens by te woon. As jy bereid is om jou dienste in hierdie verband beskikbaar te stel …

Kontak Hardus du Preez 0828871364

BEGRAFNISBEDIENING
Kom help met die skink van tee en die voorbereiding van verversings met begrafnisse in die gemeente. Dis ‘n liefdesdiens wat opreg waardeer word!
Kontak Ria Maree 0126643364

BLOKBEDIENING
Ons is op soek na blokleiers wat gereelde besoeke aan alle lidmate in bloksverband kan koördineer.
Kontak Kobus Badenhorst 0832351084

KLUB IMMERGROEN
Hierdie bediening fokus op ons senior lidmate en het onder andere ten doel om bejaardes te versorg. As jy lief is vir ouer mense, hier is vir jou ‘n geleentheid om te dien.
Kontak Rina van der Merwe 0126642469

Weet jy van nood in die gemeente? Moenie huiwer om te skakel nie. Ons help graag waar ons kan.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

CMR LYTTELTON: 11 SEPTEMBER 2010

KOEKVERKOPING TE IRENE VILLAGE MARKET

Die CMR sal dit opreg waardeer as u gemeente ons weereens kan ondersteun met die koekverkoping, sonder u gemeente se hulp kan ons dit nie doen nie. Die verkopings is werklik ’n sukses en ons waardeer u gemeente se bydrae, gebak of finansiële bydrae, baie.

Met die verkoping van gebak en finansiële bydraes van 24 April 2010 het ons die mooi bedrag van R2650 ingesamel.

Ons benodig weer:

Tien (10) gebak soos byvoorbeeld koeke; kolwyntjies; terte; beskuit; klein koekies; piesang-; dadel-; of gemmerbrode ensovoorts. Merk asseblief watter soort/geur die gebak is. (Koekhouers sal deur CMR verskaf word.)

Dit sal waardeer word indien u ons op Donderdag, 9 September 2010 sal laat weet indien u gebak kan voorsien sodat ons kan reël wanneer en waar dit afgehaal kan word.

As ons nie beskikbaar is nie laat asseblief ’n boodskap op die antwoord/faksmasjien (telefoonno. (012) 664-5837) of e-pos cmrlyttelton@cmroos.co.za.

Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

MEV ANNAMARIE STEYN
SEKRETARESSE: CMR LYTTELTON

AKSIE ARBEIDERS VIR DIE OES BERIG AS VOLG:

'n Merkwaardige getuienis rondom 'n straatkind.

Philip Werner, 'n jong Duitse man op Operasie Mobilisasie (OM) se opleidingspan, het net voordat hulle na die Kruisweg Koffiehuis gekom het vir die span se middestads-uitreik blootstelling vroeër vanjaar, vir die Here gevra of mens enigsens in iemand se lewe 'n impak kan maak in net twee weke in die stad.

Dit gebeur toe dat hy tydens hierdie uitreiktyd vir Oscar Nematatane, 'n 16 jarige seun, op straat ontmoet. Oscar was in nood en het op Philip se uitnodiging van die straat afgekom en saam met hom na ons Crossroad Skuiling in Salvokop gegaan. Vir Philip was dit 'n wonderlike ervaring dat hy vir Oscar, 'n straatkind, kon help om 'n tuiste te kon vind. Dit was reeds vir hom die antwoord van die Here af rondom sy worsteling oor die sinvolheid om vir 'n kort twee weke in die middestad uit te reik. In hierdie twee weke is daar deur die uitreikwerkers ook 'n besondere pad met Oscar geloop.

Twee weke later is dit die tyd van die wêreldbeker sokker en OM verdeel sy 70 opleidingspanlede saam met ook ander OM vrywilligers in verskeie spanne om diens te doen regoor die land by verskeie uitreikpunte. So gebeur dit dat Philip saam met 'n paar ander OM lede ingedeel word om by die Matlala uitreiking diens te doen waar ons in Lepelle ook sokkerwedstryde op die groot skerm vertoon het. Philip het vooraf nie geweet van die verband tussen die Matlala uitreiking en Aksie Arbeiders vir die Oes nie.

Intussen het ons 'n paar seuns van die Crossroad Skuiling geselekteer om op uitreike te gaan. Hieronder was sewe seuns wat gekies is om op die Matlala uitreiking gaan. Daar was 'n seun wat nie meer kon saamgaan nie en Oscar word gekies om in sy plek te gaan. 'n Bydrae uit Lyttelton-Oos se Geloofsoffer het hierdie seuns geborg om op die uitreiking te gaan.

Intussen kom Philip op Matlala aan en groot is sy verbasing toe hy die seun wat hy in Pretoria van die straat afgehaal het as 'n medespanlid op 'n uitreiking in die Limpopo provinsie raakloop!!! Die Here het voorwaar sy worstelvraag op 'n merkwaardige wyse geantwoord. Nooit sal Philip weer twyfel aan wat vir die mens onmoontlik lyk, maar wat God deur sy genade kan en wil doen nie!

Philip het die aand met OM se sertifikaatplegtigheid hierdie getuienis met groot entoesiasme met die hele saal vol mense gedeel. Hy is nou terug in Duitsland en steeds is Oscar in ons Crossroad Skuiling vir Hawelose kinders en neem hy deel aan Kruisweg Koffiehuis en Matlala naweek uitreike. Bid asseblief vir sy verdere groei en dat daar vir hom 'n mooi toekoms mag voorlê na al die trauma wat hy as kind by sy ouerhuis ondervind het wat hom genoop het om na Pretoria se strate te kom. Bid ook dat die Here baie ander soos Oscar deur sy groot genade en ontferming sal help!

Jan en Elize-Marié van Jaarsveld
Aksie Arbeiders vir die Oes

UITNODIGING

WILLIE STRYDOM KUNSUITSTALLING

'n Kunsuitstalling van Willie Strydom vind plaas in die kerksaal van Lyttelton-Oos gemeente op die laaste naweek van Augustus 2010. Willie is reeds van skooldae 'n kunstenaar en vir die laaste 10 jaar is hy reeds voltyds besig met kuns. Willie het vir baie jare in Natal gewoon totdat hy homself in Pretoria gevestig het. Hier het Willie reeds sy merk begin maak en is besig om sterk te groei as 'n klassieke kunstenaar. Huidiglik doen hy werk wat tussen kontemporêre werk en klassieke werk lê met die helder kleure van sons-ondergange, Hexriviervallei se wynplase, seetonele wat lewe, ensovoorts.

Willie se kuns is op hierdie stadium bekostigbaar vir die gewone mens in die straat. Met 'n visie om homself verder op te werk om een van die 'groot' name in die kunsbedryf te word, het hy reeds in hoofsaak sy kuns gevestig. Deur kers op te steek by gevestigde kunstenaars het Willie homself in 'n posisie gestel om sy kuns in 'n unieke markposisie te plaas. Persone wat nou sy kunswerke aankoop het 'n uitstekende kans om baie baat daarby te vind.

Kom geniet die uirtstalling by Lyttelton-Oos NG Kerk die 27ste Augustus vanaf 16:00 tot 20:00 en 28 Augustus vanaf 10:00 tot 20:00. Verdere navrae kan by www.williestrydom.co.za gedoen word vanwaar 'n e-pos gestuur kan word. Machiel Odendaal kan ook telefonies gekontak word by 083 462 2401.

ADVERTENSIE VIR KERKE

FAMILIEDAG: Kom kuier by die kerk as gesin en geniet 'n GRATIS ete en koffie/tee. Vrydag 27/8/2010 vanaf 16:00 tot 20:00 en 28/8/2010 vanaf 10:00 tot 20:00.

GENIET die kuns van Willie Strydom met helder kleure asook juwele van silwer, pêrels en kristalle.

ATTESTAAT ONTVANG

VANAF MOSSELBAAI-SUID

Belydende lidmaat: Carel Pieter Visser

Hy en Janine woon Hans Strijdomln 133 (Blok 3). Hartlik welkom by Lyttelton -Oos. Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by ons.

2010 Vakansieprogram
NG Kerk Lyttelton-Oos

Dankie vir die deelname in Jun/Jul skoolvakansie program, dit was ‘n seën.

Ons is reg vir die Vakansieprogram in

September/Oktober Skoolvakansie

Laerskool en Hoërskool kinders welkom.
Daar gaan baie gefokus word op vaardighede, selfstandigheid en PRET

Registreer vroedtydig om teleurstelling te voorkom.
Vir meer inligting, skakel

Susan 082 680 3682
Madelaine 082 354 2455

Saxbylaan, Eldoraigne

ONS EET WEER SAAM TEN BATE VAN DIE GEMEENTE

31 AUGUSTUS EN 1 SEPTEMBER 2010

NOOI ALMAL WAT JULLE KEN EN PAK DIE PLEK VOL!

STAAN OP TEEN BOELIES

'Boelie-gedrag" kom voor oor 'n wye spektrum van terreine in die gemeenskap - in die gesin, by die skool tussen skoolmaats en selfs in werksverband onder volwassenes. Die verskynsel kom ook gereeld voor tussen gesinslede. Hoewel beide die slagoffer en die oortreder manlik, vroulik, kind, ouer of onderwyser kan wees, fokus ons hier op die kind – hetsy as boelie of as teiken.

Die effek op die kind as slagoffer manifesteer op 'n fisiese sowel as emosionele vlak [angs, depressie, eensaamheid, lae selfbeeld, isolasie, selfs selfmoord in ernstige gevalle]. Uit die sogenaamde boelie se gedrag is dit egter duidelik dat hy/sy ook hulp nodig het. Navorsing dui daarop dat die boelie in baie gevalle moontlik self die slagoffer van boeliegedrag is/was.

Een van die problem in die hantering van boeliegedrag is die feit dat die situasie dikwels deur 'n subtiele aanslag en geheimhouding gekenmerk word – die slagoffer en sy gesin soek dikwels nie hulp nie.

Wat is boeliegedrag?

- Herhalende aggressiewe optrede teenoor n ander persoon [gewoonlik uit dieselfde portuurgroep] op 'n fisiese, verbale of emosionele vlak.
- Optrede vanuit 'n magsposisie vir eie gewin of self-bevrediging – "dominance of the powerful over the powerless"
- Gedrag wat veral die kwesbare kind teiken wat homself nie kan verdedig nie;
- Gedrag wat kinders teiken wat vanweë hul bepaalde kenmerke byvoorbeeld gewig, voorkoms, ras en kultuur, maklike teikens is Die boelie maak graag gebruik van etikettering of "labeling" en sal "name calling" gebruik word om 'n kwesbare kind/persoon te boelie.



Wat is die effek van boeliegedrag op die slagoffer?

- Die angstige, stil en sensitiewe kind kan homself nie verdedig of handhaaf nie. Hy/sy ervaar gevoelens van minderwaardigheid en onsekerheid.
- Die kind onttrek eerder of reageer met emosionele en of gedragsprobleme [bednatmaak, nagmerries en woede uitbarstings]
- Die kind weier om skool of sekere byeenkomste by te woon en kla van maagpyn, of hoofpyn;
- Onderprestasie op skolastiese vlak kom voor en die kind se gedrag of persoonlikheid verander.

Hoe kan ek my kind help om die"aanvalle" van boelies te hanteer?

- Aanvaar die kind en voorsien in sy emosionele behoeftes. 'n Kind wat emosioneel veilig voel sal beter daartoe in staat wees om die aanslae van "boelie-gedrag" te weerstaan;

- Bevorder selfvertroue, eie waarde en ‘n positiewe selfbeeld by jou kind. Bied geleenthede vir prestasie, die ontwikkeling van vaardighede en aanleer van ‘n stokperdjie.
- Fokus op die kind se sterkpunte en vermy afbrekende kritiek en vernederende opmerkings.
- Die toepassing van dissipline moet ferm, maar regverdig wees.
- Beoordeel die konflik tussen broers/susters objektief en let daarop om nie individuele kinders as “swartskape” binne die gesin te brandmerk nie.
- Motiveer ‘n kind om nie konfliksituasies met aggressie of dwang op te los nie.
- Die ouers kan optree as rolmodelle in die hantering van gesinskonflik en die vermyding van aggressie en gesinsgeweld.
- Help die kind om homself te handhaaf, standpunt in te neem, en met waardigheid weg te stap;
- Reik uit en kry professionele hulp indien die kind die teiken van ‘n boelie word;
- Gee aan die kind emosionele ondersteuning indien die gesin ‘n traumatiese insident beleef, bv. dood, egskeiding.

Hoe kan skole en maatskaplike dienste help?

Onderwyser en maatskaplike werkers speel ‘n belangrike rol in die voorkoming en hantering van boeliegedrag. Die gesin sal die nodige professionele begeleiding ontvang.

Vir sekere kinders uit hoë risiko gesinne, is die skool die enigste stabiliteit wat hul ken. ‘n Onderwyser kan die kwesbare kind identifiseer en na hom uitreik met die nodige ondersteuning, leiding en beskerming. Dit is belangrik om te onthou dat beide die boelie en die slagoffer kwesbare kinders is en dat hulle deur hul gedrag ‘n noodkreet uiter na diegene wat die naaste aan hulle is.

Deur middel van die instel van sosiale vaardigheidsprogramme kan skole pro-aktief optree en boelie-gedrag binne skoolverband voorkom.

“Boelie-gedrag” is ‘n algemene tendens in die samelewing, en dit is nodig dat ouers, onderwysers en maatskaplike werker as vennote saamwerk om na die kind met spesiale behoeftes uit te reik. Die span werk saam met die gesin aan hul sterktes. Staan op teen boelies – daar is hoop!

CMR GAUTENG-OOS

Kontak jou naaste CMR vir enige hulp -
ons streef na diens met deernis.

VERJAARSDAE 22 TOT 28 AUGUSTUS 2010

08/22	WILMA	DE KLERK	KRUGERLN 144	Blok 3
08/22	JOHANNA	SCHOLTZ	DF MALANLN 189	Blok 2
08/22	MARLENE	DU PREEZ	DF MALANLN 94	Blok 3
08/23	MARYKE	ROELOFFZE	DF MALANLN 29	Blok 4
08/24	STÉPHAN	FREYSEN	HANS STRIJDOMLN 150	Blok 3
08/25	RITA	ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40.	Blok 4
08/25	STEF	KÜHN	LANGEBRINKWEG 47	Blok 3
08/26	TINÉ	NEÜ	CELLIERSLN 249	Blok 1
08/26	JANITA	MOSTERT	DF MALANLN 104	Blok 3
08/26	TELANA	CRAFFORD	VAN RIEBEECKLN 196	Blok 2
08/27	CORNÉ	ROOS	HANS STRIJDOMLN 30	Blok 3
08/27	SARA	ALLIBONE	LA VIE AFTREE-OORD 74	Blok 4
08/28	FRITZ	SCHOEMAN	KRUGERLN 105	Blok 3
08/28	ERIKA	PIENAAR	VAN RIEBEECKLN 277	Blok 1
08/28	JUSTIN	BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	Blok 2

HUWELIKHERDENKING

VRYDAG, 27 AUGUSTUS

ANTON EN MARIETJIE VORSTER	KRUGERLN 3	Blok 4



Skakel my vir die koop
en verkoop
van eiendomme in
Lyttelton, Kloofsig en
Pierre van Ryneveld

ROMMELVERKOPING

Die volgende rommelverkoping vind plaas op **DONDERDAG, 9 AUGUSTUS** vanaf 06:30.

U kan nou reeds alles wat by u in onbruik geraak het aflewer by Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (664 3364) of Dries Van der Merwe, Van Riebeeckln 149 (664 2469). Wat vir u nie meer bruikbaar is nie, kan vir iemand anders nog van groot waarde wees! Veral komberse.

Ons vra ook graag hulp met die merk van artikels **WOENSDAG 8 SEPTEMBER** vanaf 09:00.

Baie dankie vir u ondersteuning en hulp.

Ria en Dries.